Laerskool Louis Leipoldt

Gr 3 Yskasbrief

Kwartaal 1 Week 2

Tema: EK EN MY FAMILIE

- Huiswerk moet asb weekliks voltooi word - dit tel as voorbereiding vir die assessering.
- **Speltoets, hoofrekene en spoedtoets word elke Vrydag geskryf.**
- Leerders se huiswerk en leesboeke **moet** asb elke dag by die skool wees.
- Merk asb al u kind se skryfbehoeftes, klere en kosblikke.

AFRIKAANS

Voltooi huiswerkopdragte in lêer.

Lees:

Maandag	bl 3 (halwe bl)
Dinsdag	bl 3 (halwe bl)
Woensdag	bl 4 (halwe bl)
Donderdag	bl 4 (halwe bl)

Spelling: (bl 32 in Inligtingsboek)

Maandag	bl 3
Dinsdag	bl 3
Woensdag	bl 4
Donderdag	bl 4

ENGLISH

Complete homework assignments in file.

Reading:

Monday	p 12
Tuesday	p 13
Wednesday	p 14
Thursday	p 15

Spelling: (p 12 in Inligtingsboek)

Monday	no 3
Tuesday	no 3
Wednesday	no 4
Thursday	no 4

WISKUNDE

Voltooi huiswerkopdragte.

Leer getalkombinasies (Hoofrekene).



MAAK JOU BREIN SLIMMER: Gr.3

- **Fynmotories:** Knyp wasgoedpennetjies vas op 'n draad of tou. Bv. knyp 10 pennetjies vas met die linkerhand en haal hulle een vir een af met die linkerhand. Herhaal met die regterhand.
- **Ruimtelik:** Lees die volgende opdragte een vir een vir jou kind en hulle moet dit stap vir stap teken. (Die eindresultaat is 'n huisie in die middel van die papier, met 'n patroon van sirkel, driehoek reg rondom.)

- Teken 'n sirkel in die boonste, linkerkantste hoek van jou papier. (Sirkels is almal rooi)
- Teken 'n driehoek langs die sirkel. (Driehoeke is almal groen)
- Teken nog 'n sirkel en 'n driehoek langs die eerstes.
- Voltooi hierdie patroon bo-aan jou papier.
- Begin by die boonste, regterkantste hoek en teken dieselfde patroon af aan die regterkant van jou papier.
- Gaan voort met die patroon aan die onderkant van die papier en ook aan die linkerkant.
- Teken 'n vierkant in die middel van die bladsy.
- Teken 'n driehoek bokant teenaan die vierkant.
- Voltooi die prent van die huis verder op jou eie en kleur hom in.